Dagsê aan elkeen van almal. Met die dat diabetes en sy trawante toegeslaan het, het ek die afgelope 4½ jaar water getrap en myself skaars gehou, sonder ‘n koppelaar voet en ook my presies-kyk weg…en skoonpa se dogter wat haar linkerskouer raak geval het en nie ratte kan verander nie, moet ons maar Vrydae die kar bottelstoor toe stoot en jouself so alleen te maak dat jy in jou eie pad kom – dit is dan dat die sit en dink jou gedagtes maak om ou voetpaaie weer te loop ooptrap. Anderdag voordat Sias ‘heengegaan’ het , het ons Mimosa Tuine se foefie slide in herinnering geroep en ook die lekker tye om die braaivure by Akasia Saal.

Sien ek vir Gert wat van pure plesier sy voete oplig terwyl hy musiek maak met sy hele hart en siel. – Dankie Gert vir “Kinta se polka”.

Toe ek by die TBK begin het, was Miempie en Boetie van Zyl daar…. Miempie was die stille ondersteuner vir Boetie en die TBK. Dink ek aan Willie Nelson, sien ek hom as hy Hannes se vastrap met 3 mondfluite speel…toegewyde musikant met ‘n goeie begeleiding. En Willie se swaer Fred Nelson— ’n vriendelike statige man – ‘n jintelman wat altyd goed oordinkte raad gegee het. Fred se vrou Ester was Willie Nelson se suster en het ek ook die voorreg gehad om met hulle ma tant Belia te kan dans. Jasper Vlok, voormalige Nasionale Voorsitter van die TBK (vir ‘n lang tyd) se vrou Ralie het hom ook ontval. En die TBK waardig ondersteun en val sy binne die gesegde van “ Agter elke man…”.

Oor oom Jan Mans en oom Prof Raadslid Langpiet vertel ek meer in huldeblyke… Die Covid het alles gemesmaraais… So wil ons simpatiseer met almal wat n geliefde verloor het, gebruik al die mooi herinneringe om die seer mee toe te maak – kyk op na Bo en baie sterkte…

Graag sê ek dankie aan die Poliesman … vir sy geryery, aan Landrie … vir haar getikkery, en aan Mandie … vir haar gesoekery

Ek wil graag so afsluit… kyk asseblief mooi na u self.

Groetnis – Peet en Skoonpa se dogter.

Sias Erasmus

Gert Jooste en sy orkes toe ons hulle 1ste laserskyf opgeneem het

Vlnr Jacques Dippenaar, Rudi Jooste, Gert en sy broer Willem, George Wheel en voor is Blabsie Jooste

Willie Nelson en sy mondfluite …

Fred en Ester Nelson

Jasper en Ralie Vlok

Vlnr Piet Snyman, Prof oom Langpiet de Villiers, wyle oom Koos van Wyk, Jasper Vlok en Theo Slabbert (afgeneem tydens ‘n radioprogram op Overvaal Stereo 90.6)